# PREDIKING IN DIE WÊRELD VAN DIE HOORDERS

H J C Pieterse[1]

SUMMERY
The problem which this article adresses is the need of the congregation to hear the living Word of God and the implications of this word in their concrete world of a society in transition. The author argues that the preacher should reckon with *three* worlds in the process of understanding the text for the sermon, instead of the usual assumption that hermeneutics has to do with two worlds: the text and the contemporary situation. The world of the listeners has become diffuse, complicated and is marked by plurality. The problem is discussed from a hermeneutical-communicative perspective, and insights are developed which could help the preacher to navigate the message of the text into the concrete world of the congregation.

## 1 INLEIDING

Die moderne prediker het die moeilike taak om die evangelie so te verkondig tydens volgende Sondag se erediens dat die gemeentelede die Woord van God in hulle eie wêreld sal hoor. Die feit dat die gemeente 'n verwagting het om so 'n Woord te hoor, is oorvloedig aangetoon deur prakties-teologiese empiriese ondersoek (vgl bv Daiber 1980). Geen wonder dat Barth (1925:103) hieroor uitgeroep het: "Nicht: wie *macht* man das? sondern wie *kann* man das?"

Die homiletiese *probleem* bly egter steeds: hoe kan ons ons kennis en insig op so 'n wyse uitbou dat ons die tuiskoms van die evangelie by die hoorders ten beste deur die prediking heen kan dien, veral in die moeilike tye waarin ons land verkeer en waarin lidmate deur die prediking gesonde Christelike leiding behoort te kry.

Die klem val in hierdie artikel op die hoorders en hulle wêreld. Die vraag is hoe die prediker in sy/haar preekvoorbreiding die boodskap van

1 Prof. H.J.C. Pieterse, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria, 0001.

die teks in die *wêreld van die hoorders* kan verstaan en kommunikeer. Die preekvoorbereiding moet deurgaans verrig word met die hoorders en hul situasie in die visier.

Dit is 'n insig van die hedendaagse homiletiek wat by Ernst Lange (Schloz 1982:58) begin het en deur verskeie outeurs verder uitgewerk is (vgl Craddock 1981; Long 1989; Lemmer 1990; Pieterse 1991; Dingemans 1991; Vos 1994). Die homiletiese situasie van die hoorders, hul omstandighede, hul geloof, hul sieninge, verwagtinge, hul aanvegtinge en nood moet deurgaans betrokke wees in die hoof en hart van die prediker by die maak van 'n goeie preek.

Die wêreld van die hoorders is 'n weerbarstige wêreld. Dit is vir die meeste predikers 'n moeisame taak om hierdie wêreld te verstaan. Behalwe vir die feit dat elke gemeente se wêreld deesdae ietwat van haas alle ander gemeentes verskil, is daar in elke gemeente ook weer 'n aantal "wêrelde". Dit is inderdaad makliker vir 'n prediker om in die wêreld van sy boeke, kommentare, taal en denke te vertoef as om sy gemoed oop te stel vir die harde, vir hom soms vreemde en deurmekaar wêrelde van ons gemeentelede.

Om die probleem van die verstaan van die evangelie in die wêreld van die hoorders aan te spreek, volg ek 'n *hermeneuties-kommunikatiewe benadering*. Dit beteken dat die interpretasie (*hermeneuse*) van die Bybelse boodskap en die *kommunikasie* daarvan in die prediking ewe belangrik is, en in 'n dialektiese spanningsverhouding tot mekaar staan.

## 2 HERMENEUTIESE AKTIWITEIT

Die hermeneutiese probleem in die homiletiese veld word gewoonlik in terme van *twee wêrelde* omskryf waartussen 'n verstaan van die betekenis van die Bybelse boodskap vir vandag deur die prediker ontworstel moet word. Die prediker staan tussen "the two worlds of 'the then' and 'the now'. Contemporary trends - combined with gaps in time, culture, and language between the biblical world and ours - demand that preachers interpret our world as well as the biblical text" (Duduit ed. 1992:150). Dit gaan dus oor die verstanende verhouding tussen *tradisie* (Skrif en teologiese tradisie) en (huidige) *situasie* (Van der Ven 1993).

Dit is belangrik dat ons ons bewus moet wees van die historisiteit van

die menslike verstaansproses. Die prediker/hermeneut kan hom nie losmaak van sy eie historiese posisie en houding ten opsigte van die teksmateriaal wat hy moet verstaan nie. Hy tree die teks met 'n eie mening tegemoet wat hy reeds in verbondenheid met die teks gevorm het, en die tradisie van die teks waarin hy staan. Dit is 'n *vooroordeel* waarmee hy die teks benader (Gadamer 1975). Hierdie vooroordeel word versterk en gevorm deur die historiese situasie en kulturele konteks van die prediker. In die kritiek op Gadamer het Habermas die oë geopen vir die in agneming van die ekonomiese en politieke konteks (Bernstein 1989:42-43). Met sy eie vooroordeel kom die prediker haaks te staan teenoor die andersheid en die vreemdheid van die teks (teenoor die denke en lewensgevoel van ons eie tyd). Sonder om hierdie vooroordeel af te lê, stel die prediker hom/haar so oop as moontlik vir die betekenis en boodskap van die teks. Beide pole word op mekaar betrek. In die spanningsverhouding tussen die vertroudheid van die eie, en die andersheid van die teks speel die hermeneutiese verstaan af (Gadamer 1975).

Gadamer werk ook met die begrip "horison". Dit beteken dat mense in hul historiese konteks 'n beperkte moontlikheid van verstaan het. Hierdie beperkte horison word onder andere opgemaak deur ons subjektiewe vertrekpunte, ons historisiteit en ons bewuste en onbewuste vooroordele. Hierdie verstaanshorison beïnvloed ons perspektief op sake. Verstaanshorisonne het 'n beweeglike aard, wat beteken dat dit met ander horisonne op 'n beperkte wyse kan versmelt en so ons perspektief kan verbreed sodat ons iets van die kulturele, sosiale en politieke konteks van die teks (en dus 'n beter begrip van die boodskap van die teks) uit 'n ander historiese situasie kan verstaan.

Daar geskied 'n *konfrontasie* tussen die eie situasie en die teks (Pieterse 1979:116). Die prediker bevra die teks met talle vrae (vgl Duduit ed. 1992:149-150; Greidanus 1988:17). Die belangrikste vrae is egter of jou vooraf verstaan van die teks se boodskap waar is of nie, en die vraag na die *kerugma* van die teks - die Woord van God wat daarin tot spreke wil kom. 'n Mens plaas dus jou vooroordeel op die spel. In die konfronterende dialoog tussen die teks, en die prediker se vooraf verstaan en sy situasie - deur die verligting van die Heilige Gees as belangrike hermeneutiese

beginsel vir die prediking van die Skrifteks! - vind die verstaan plaas. Die Woord van God kom tot spreke deur die teks heen en spreek die prediker in sy diepste roersele aan.

'n Horison vanuit die verlede soos deur die teks gereflekteer kan vanweë die aard van verstaanshorisonne tot 'n mate met my horison versmelt sodat 'n nuwe horison gevorm word. Deur ons oop te stel vir die andersheid van die horison van die teks, en deur die konfronterende interaksie tussen teks en prediker waardeur 'n oor-en-weer kritiese bevraging ontstaan, word 'n proses op gang gesit wat tot verruiming van ons perspektiewe geskied. Deur noukeurige eksegese, interpretasie, dialoog en die heen-en-weer van die verstaansproses vind 'n nuwe verstaan van die teks plaas wat in die huidige konkrete situasie sin maak.

Hermeneutiese verstaan is situasiegebonde verstaan. Die betekenis van die teks kom eers in die situasie, wat dit ontmoet en waar daar 'n verstaansworsteling deur die inset van die prediker plaasgevind het, tot gelding (Ebeling 1967:44). Binne die situasie van die prediker wat hy na die teks toe aandra, kom die boodskap van die teks tot toepassing. Die prediker weet nou wat hom te doen staan. In die asemrowende analise deur Gadamer van Aristoteles se *phronesis* begrip belig hy ook die toepassingskant daarvan. Hermeneutiek is erfgenaam van die klassieke praktiese filosofie en verwerf daarom praktiese kennis (vgl Bernstein 1989:174). Dit beteken dat die moment van verstaan ook die moment van toepassing is. 'n Nuwe insig daag en beweeg jou tot verandering in denke en optrede. Wanneer 'n mens die boodskap in die hermeneutiese proses in jou besondere situasie verstaan, moet jy dit ook gaan doen. Dit is 'n belangrike insig vir die prediking: verstaansgebeure (van die Skrifteks) het te make met 'n Woordgebeure deur die teks heen, en die verkondiging daarvan deur die prediker heen - en hierdie Woordgebeure verander mense en beweeg hul tot aksie in die lig van die evangelie (vgl Pieterse 1979).

Hierdie dinge gebeur alles met die prediker in die preekvoorbereidingsproses. Die teks spreek in sy wêreld in en maak nuwe visies oop van sinvolle verstaan van die eie situasie en korrekte (Bybelse) optrede daarin. Die *vraag* is egter of die *gemeentelede se wêreld* in hierdie verstaansproses aangespreek is. Gaan preek die prediker nie Sondae maar vir sy eie wêreld van verstaan nie? Daar is goeie redes vir hierdie vraag.

Predikers en gemeentelede leef dikwels in verskillende wêrelde, veral omdat daar vandag 'n groot mate van pluralisme in die gemeente is met 'n diffuse siening van sake en 'n verskeidenheid van opvattinge. Hierdie punt word geïllustreer deur die opvattinge oor God deur lidmate van die Ned. Geref. Kerk. C.J. Alant het in sy ondersoeke van die sestigerjare gevind dat die hoër sosio-ekonomiese stratum in die Ned. Geref. Kerk in Pretoria op verskeie terreine gesekulariseerd raak, maar in hul geloof in God steeds vir 90% glo in 'n transendente God wat op bonatuurlike wyse werk (Alant 1972). In 1989 het ek met vraelyste in 'n kwantitatiewe ondersoek onder lidmate van die Ned. Geref. Kerk in die oostelike voorstede van Pretoria (hoër sosio-ekonomiese groep) tekens van 'n verskeidenheid opvattings oor God gevind (vgl Pieterse, Scheepers en Van der Ven 1993).

Onder die modale lidmate (in onderskeiding van randlidmate en kernlidmate) was daar naas 'n transendente siening van God 'n moontlike tendens na 'n immanente siening van God. In 'n kwalitatiewe ondersoek in 1994 is tien modale lidmate in een van die gemeentes wat in 1989 ondersoek is, op ewekansige wyse gekies en indiepte onderhoude mee gevoer. Die vraag was of die moontlike tendensie van 'n immanente siening van God wel bestaan onder hierdie groep lidmate. Drie konsepte oor geloof in God is in eenvoudige taal aan hulle gestel : 'n absoluut transendente siening, 'n transendent-immanente siening en 'n immanente (binnewêreldlike) siening van God. Die resultaat is soos volg: een het 'n absoluut transendente siening, vier 'n transendent-immanente siening en vyf 'n immanente siening van God, wat 'n indikasie van sekularisasie is. Hoe meer mense in die moderne gesekulariseerde wêreld leef en daardeur beïnvloed word, hoe meer verdwyn die transendente beeld van God.

Uit bogenoemde ondersoeke blyk dat daar oor die laaste twintig jaar 'n tendensie by lidmate van die Ned. Geref. Kerk ontwikkel het van 'n verskeidenheid van sieninge of beelde van God. Hierdie feit illustreer onder andere die bestaan van verskillende wêrelde ten opsigte van die opvatting oor God.

Daar is ook ander faktore wat die wêrelde verdeel. Predikers lees boeke, veral teologiese boeke, wat 'n bron vir hulle preke is. Die meeste gemeentelede lees nie soveel nie, en allermins teologiese boeke. Predikers werk met teologiese konsepte. Die meeste gemeentelede nie - hulle werk

met die konsepte wat in hulle beroepe gebruik word, en hulle probeer dikwels om die evangelie daarbinne te verstaan (vgl Gerber 1993:88-94).

Die meeste predikers leef en werk in 'n voorstedelike situasie. Die gemeentelede werk meestal in kantore en werkplase wat hulle uit die voorstede na 'n industriële of 'n sentrale besigheidsdistriksituasie neem. Hierdie organisasies verselfstandig hulle teenoor die kerk en ander organisasies met 'n eie kode van waardes en optrede. Dit is 'n verskynsel van die moderne samelewing. Die wêreld van die hospitaal en dokters lyk heeltemal anders as die wêreld van die industrie, of die wêreld van die weermag met offisiere, sodate en eie geboue, menasies en kwartiere. Die groot differensiasie in beroepe veroorsaak selfstandige wêrelde wat in elke beroepsituasie ontwikkel (vgl Wuthnow 1993). In die lig van hierdie feite sal predikante daarop bedag moet wees om nie vas te steek in die wêreld van huisvroue en skoolkinders in die voorstedelike omgewing nie.

Nou is dit so dat die verskuiwing in die hedendaagse homiletiek van die prediker na die hoorder toe, die insig na vore gebring het dat die prediker as *verteenwoordiger van die gemeente* die teks verstaan en daaroor preek (Long 1989 :11). Die prediker staan nie in die eerste plek teenoor die gemeente nie, maar is 'n hoorder onder die hoorders (Dingemans 1991). Saam met die gemeente óm die Woord moet hy die Skrif verstaan en moet die gemeentelede onderling (die prediker inkluis) mekaar leer, vermaan en troos. Die prediker moet dus na die teks gaan luister om 'n boodskap vir Sondag se preek te ontvang as verteenwoordiger van die geméénte. Hy moet die *gemeente* se wêreld(e) na die teks toe bring. As hy ná die verstaansworsteling met die teks gaan preek, staan die teks (die Woord van God in die teks) teenoor hom en die gemeente. Hy is self (soos die gemeente) onder die tug van die Woord. Die 'teenoor' van die boodskap van die Skrif word dus verskuif van die persoon en amp van die prediker af na die gesag van die Woord waaronder hy as hoorder onder die hoorders net so buig soos die gemeente.

Die prediker het dus te make met *drie wêrelde*: die wêreld van die teks, die wêreld van sy gemeentelede en sy eie wêreld. Hy is dus 'n ware hermeneut wat tussen die verskeie wêrelde moet pendel totdat hy op só 'n wyse verstaan dat hy die boodskap in die homiletiese situasie van sy gemeente kan laat grondvat.

Huisbesoek en pastoraat is in ons tyd des te meer noodsaaklik as

predikers aktueel wil preek. Maar dan 'n pastoraat en 'n huisbesoekbediening waarin regtig op 'n diep vlak *geluister* word na die mense. Pastoraat is nie slegs 'n verlengstuk van die kansel - dus verkondiging aan individue nie - maar dit moet *dialogies* gestruktureer word. Dit is die insig van 'n praktiese teologie wat met die teologiese teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie werk (Pieterse 1993). Pastoraat word gesprek, ontmoeting, waarin gemeentelede op 'n diep vlak leer ken word en waarin die Woord op daardie vlak oorgedra kan word (vgl Heitink 1977; Louw 1993).

Preekwerkgroepe en preekbesprekings word 'n dringende noodsaaklikheid (vgl Pieterse 1979:124; Pieterse 1985:163-165; Pieterse 1988:101-102). Dit is gestruktureerde geleenthede waar gemeentelede en die prediker tyd saam afsonder om spesifiek oor die betekenis van die teks vir die gemeente te praat. Lidmate kan deur die prediker genooi word (ongeveer tien, gekies om die gemeente min of meer te verteenwoordig) om in die week voor die preek die teks en die implikasies van die teks vir die gemeente en sy situasie te bespreek. Die groep kan na 'n tyd weer deur 'n ander groep vervang word. So 'n groep kan weer terugvoer aan die prediker gee ná sy preek. Al doen 'n mens dit een keer per maand is dit al 'n handige manier om die gemeente se reaksies op die boodskap van die teks, en hulle verstaan van die teks vas te stel. Preekbsprekings soms na 'n diens, veral in groepe word almeer praktyk. 'n Mens moet dit nie oordoen nie en goed struktureer. Dit is 'n uitstekende manier om die boodskap in die wêreld van die gemeentelede deur hulleself verder te laat toepas (meer oor hierdioe insig in 3 hieronder). Buitendien dra dit by om 'n korporatiewe verstaan van die evangelie te bevorder, wat pluralisme in die gemeente beperk (vgl Pieterse 1991:33).

Die prediker as hermeneut moet dus moeite doen om die wêreld van sy gemeente te verstaan, en met die gemeente se wêreld - as hul verteenwoordiger - die wêreld van die teks te ontmoet. Dit bied groter moontlikhede om die boodskap van die teks by die gemeente te laat tuiskom, en die probleem van die prediker wat die teks hoofsaaklik in sy eie wêreld verstaan, te oorkom.

## 3 KOMMUNIKATIEWE INSIGTE

Om die preek in die wêreld van die hoorders in die onstuimige tye waarin ons tans lewe te laat tuiskom, sodat ons in die lig van die Skrif ons mense kan begelei op 'n gesonde manier, is dit noodsaaklik dat die preek goed sal kommunikeer. Sonder goeie kommunikasie gaan die boodskap dikwels verlore.

Dat die prediking na sy teologiese aard wesenlik dialogies en dus *kommunikatief* georiënteer is, is buite kyf. Die woord *homilia* beteken in Nuwe Testamentiese konteks 'n gesprek of 'n dialoog., en in ons teologiese tradisie dui dit op die dialogiese aard van die preek. Paulus se prediking is dikwels aangedui met die woord *dialegesthai* wat 'n interaksie was waarin vrae gevra is, 'n diskussie gevolg het en antwoorde deur die prediker met argumente gegee is. Prediking is dialogies geaard na sy teologiese wese. Want dialogiese prediking trag om 'n gesprek tussen die teks en die gemeente - en daarom uiteindelik tussen God en die gemeente - op gang te bring. Prediking is 'n lewende gesprek op die snypunt van God se Woord en ons eie tyd. Die begrip dialoog moet ook in 'n breë sin verstaan word, naamlik dat dit 'n voortskrydende interaksie is waarin betekenis heen-en-weer tussen deelnemers oorgedra word en wat soos 'n spiraal ontwikkel. Daardeur ontstaan onderlinge begrip en verhoudinge wat duursaam is en juis deur dialoog onderhou word. Hiervan is die geloofsverhouding tussen God en sy gemeente 'n goeie voorbeeld.

Prediking is 'n komponent van die *bediening* van die predikant in die gemeente. Die bediening van die Woord is 'n poging om geloof in Jesus Christus te kommunikeer, om die evangelie te verkondig, wat niks anders is nie as bemiddeling, mediale handelinge - of nog beter: kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Pieterse 1993). Dit is geen wonder dat die bediening van die Woord en die prediking kommunikatief geaard is nie, want God se *openbaring* aan mense was kommunikatief na sy wese. God het self die inisiatief geneem om homself aan mense bekend te stel. Hy openbaar homself in menslike taal. Die Bybelskrywers het hulle ervaringe met God gewoon in menslike kommunikatiewe taal (literêre vorme en retoriese hulpmiddels van die taal) gegiet met die oog daarop om ons wat dit lees tot geloof in hierdie God te bring. Die openbaring

het 'n kommunikatiewe aard. Die inkarnasie was by uitnemendheid 'n kommunikatiewe daad. Jesus se bediening is ook deurtrek van gesprekke waarin vrae gevra en antwoorde gegee is. Hy het niemand gedwing nie, maar deur gesprek heen in die krag van die Gees tot oortuiging en geloof gebring.

Die praktiese teologie en by name die prediking kan dus nie sonder 'n behoorlike *kommunikasieteorie* oor die weg kom in die akademiese beoefening van die vak nie. Deur die eeue het die retorika as kommunikasieteorie gedien. Vandag sluit ons liewer aan by moderne teorieë oor kommunikasie (vgl Pieterse 1991). Aansluiting by Habermas se teorie van kommunikatiewe handelinge is dus eintlik voor die hand liggend (vgl Vos 1994; Habermas 1982). Hierdie teorie is wesenlik dialogies van aard. Dit streef na 'n ideale kommunikasiesituasie van vrye mense wat gelykwaardig op gelyke voet met mekaar kommunikeer eerder as om te veg en in konflik te verkeer. Deur die kommunikasie heen kan onderlinge begrip verkry word oor waardes, norme, reëls, en in ons geval ooreenkoms ten opsigte van dit wat ons van die evangelie glo. Habermas is 'n denker wat op 'n briljante wyse teorieë kan integreer. So het hy byvoorbeeld die taalteorie van Austin, die idees van simbolies gestruktureerde interaksie, en die idees oor normatief-beïnvloede interaksie in sy teorie van kommunikatiewe handelinge geïntegreer (Habermas 1982). Ek staan dus 'n dinamiese, interaksionele (dialogiese) intermenslike kommunikasie-opvatting voor waarin mense as vrye subjekte op gelyke voet, met 'n gemeenskaplike doel en toewyding soek na onderlinge begrip en verstaan (van die evangelie) en in diepe kontak met God en met mekaar op weg is. Hierdie optrede is kommunikatiewe handelinge. Dit wat ons glo, word met mekaar gedeel, en in die hele wêreld aan almal uitgedra in liefde.

Wesenlik aan alle kommunikatiewe handelinge is handelingsdoeleindes, dit wil sê, daar is 'n ideaal of 'n verwagting waarnatoe gestreef en geleef word. In ons geval is die waardes van die koninkryk van God die ideale toestand waarop ons kommunikatiewe handelinge gerig is. Ons optrede is gerig op die transformasie van kerk en samelewing om almeer op die waardes van Gods koninkryk gebaseer te wees. Die handelinge van God in ons lewens, in die kerk en in die wêreld, verskaf die sin aan ons kommunikatiewe handelinge omdat ons glo dat die Gees ons bediening

in diens van God se praxis neem. Dit is breedweg wat min of meer met kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie bedoel word. 'n Vollediger uiteensetting vind u in Pieterse (1993).

As ons hierdie insigte toepas op die prediking is dit belangrik om prediking as dialogies te sien - uit 'n teologiese en 'n praktiese gesigspunt gesien. My siening word gesteun deur Ernst Lange en Van der Laan (1989:154): Alhoewel die preek as 'n monoloog gelewer word, moet dit wesenlik as dialoog verstaan word. Daarom moet ons die preek omring met dialoog tussen prediker en gemeente, en gemeentelede onderling - voor, tydens (ingeboude dialoog in die preek) en daarna. Hierdie uitspraak veronderstel ook dat die gemeente 'n kommunikatiewe gemeenskap van gelowiges is waarin daar 'n voortgaande diskoers oor die Christelike geloof en die implikasies van die evangelie vir ons eie tyd en konteks plaasvind (Pieterse 1991).

Insigte van die *retorika* is belangrik vir die kommunikasie van die evangelie in die preek. Ons moet egter nie weer die fout van die klassieke homiletiek herhaal deur die retorika 'n selfstandige grootheid in die homiletiek te maak sodat dit die vak oorheers nie. Ons behoort dit nie as selfstandig buite die hermeneutiese teorie en die kommunikasie teorie te laat funksioneer nie. Retoriese insigte behoort die kommunikasie van die evangelie in die prediking te dien.

Craddock (1981) het ons op die belangrikheid van 'n induktiewe benadering in die prediking gewys. As retoriese insigte beteken dit dat konkreetheid van ervaringe van prediker en hoorders die preek moet deurspek, dat die hoorder die reg het om deel te hê aan die beweging van die preek in die sin dat hy/sy tot 'n eie konklusie van die boodskap kan kom - dus dat die die preek so "open ended" moet wees dat die hoorder daaruit 'n eie prekie kan maak wat vir hom/haar relevant is en sin maak (Craddock 1981:61-64). Laasgenoemde gedagte is uiters belangrik binne die perspektief van 'n hermeneuties-kommunikatiewe benadering in die homiletiek. Trouens, al die uitsprake wat hierbo oor die spesifieke hermeneutiese en kommunikatiewe benadering tot die prediking gemaak is, lê in lyn met die induktiewe aanpak van Craddock. Dit steun ook die argument dat ons die retoriese aspek van die homiletiek nie moet verselfstandig nie.

Hierdie insig, naamlik dat die hoorder die preek self moet voltooi en toepas, eis dat die preek 'n soort onvoltooidheid moet hê: "The process calls for an incompleteness, a lack of exhaustiveness in the sermon. It requires of the preacher that he resists the temptation to tyranny of ideas rather than democratic sharing. He restrains himself, refusing to do both the speaking and the listening, to give both stimulus and response, or in a more homely analogy, he does not throw the ball and catch it himself" (Craddock 1981:64). Hierdie "open ended" benadering vereis ook dialoog en besprekingsgeleentheid van die preek waarin mense die boodskap bewustelik toepas in hulle situasie.

Daar is nog 'n aspek van die beweging in die preekproses waaraan ons aandag moet gee. Dit is die beweging van "the force of the text to the composition of the sermon" (Long 1989a:128). Long (1989a:128-134) stel dit kort en bondig: "Allow the movement of the sermon to follow the movement of the text...the opposing forces in the text to become the opposing forces in the sermon...the central insight of the text to be the central insight of the sermon...the mood of the text to set the mood of the sermon". Op hierdie wyse kan die vorm en struktuur - retoriese aspekte - bydra tot Bybelse prediking.

Ons moet nooit die eeue-oue taal- en retoriese insig vergeet dat mense in prentjies dink nie. Empiriese ondersoek het aangetoon dat die vergelyking, die metafoor en die simbool die beste vorme van beeldspraak is om in die prediking te gebruik (Gerber 1993).

## 4 KONKLUSIE

Die probleem, naamlik hoe ons die boodskap van die preek in die wêreld van die hoorders in die troebel tye waarin ons nou leef, kan laat tuiskom, is in hierdie artikel vanuit 'n teoretiese perspektief aangespreek. Ek hoop van harte dat die insigte van 'n hermeneuties-kommunikatiewe teorie van die prediking predikers sal help om die lewende Woord van God in die wêreld van die hoorders te laat klink.

## BIBLIOGRAFIE

ALANT C

1972. The relevance of socio-economic groups in the analysis of the Nederduitse Gereformeerde Kerk in South Africa. *Social Compass* XIX (1), 189-207.

BARTH K

1925. *Das Wort Gottes und die Theologie*. München: Kaiser.

BERNSTEIN RJ

1989. *Beyond Objectivism and Relativism*. Oxford: Blackwell.

CRADDOCK FB

1981 *As one without Authority*. Nashville: Abingdon.

DAIBER K-F

1980. *Predigen und Hören*. München: Kaiser.

DINGEMANS GDJ

1991. *Als hoorder onder de hoorders*. Kampen: Kok.

DUDUIT M (ED)

1992. *Handbook of Contemporary Preaching*. Nashville: Broadman Press.

EBELING G

1967. *God and Word*. Philadelphia: Fortress Press.

GADAMER H-G

1975. *Truth and Method*. New York: Seabury.

GERBER JJ

1993. *Prediking binne 'n industriële konteks in die Ned. Geref. Kerk Secunda*. M Th-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.

GREIDANUS S

1988. *The Modern Preacher and the Ancient Text*. Grand Rapids: Eerdmans.

HABERMAS J

1982. *Theorie des Kommunikativen Handelns* I&II. Frankfurt: Suhrkamp.

LEMMER JC

1990. *'n Prakties-Teologiese Ondersoek na die gemeente se verstaan van die preek*. D Th-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

LONG TG
1989. *The Witness of Preaching*. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

LONG TG
1989a. *Preaching and the Literary Forms of the Bible*. Philadelphia: Fortress Press.

LOUW DJ
1993. *Pastoraat as ontmoeting*. Pretoria: RGN-Uitgewery.

PIETERSE HJC
1979. *Skrifverstaan en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE HJC
1985. *Verwoording en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE HJC
1988. *Die Woord in die werklikheid*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE HJC
1991. *Gemeente en prediking*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE HJC
1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.

PIETERSE HJC, SCHEEPERS PHL, & VAN DER VEN JA
1993. Plural Religious Beliefs. *Hervormde Teologiese Studies* 49 (1 & 2), 189-207.

SCHLOZ R HRSG
1982. *Predigen als Beruf. Aufsätze zu Homiletik, Liturgie und Pfarramt* Bd 3. München: Kaiser.

VAN DER LAAN JH
1989. *Ernst Lange en de prediking*. Kampen: Kok.

VAN DER VEN JA
1993. *Practical Theology. An Empirical Approach*. Kampen: Kok Pharos.

VOS CJA
1994. Die blye tyding. Pretoria: RGN-Uitgewery.